

Dinsdag 11 Februarie

Skrifgedeelte: Sefanja 3:9-20

Fokusgedeelte: Sefanja 3:14

Die oog op die toekoms gee troos in die hede

In Sefanja 3 lyk dit of daar tussen die hede en die toekoms gesprong word. As jy die woorde in vers 15 lees: *“Die HERE het die oordele oor jou afgewend ...”* dan laat dit jou dink aan die ewige heerlikheid. Die stryd is gestry die vyande is uit die weg geruim. Lees jy bietjie verder, dan is jy weer terug in die hede: *“Sion: moenie dat jou moed jou begewe nie.”* Die profeet bemoedig die volk: die finale bevryding wat kom, gee nou reeds hoop. Om dié rede kan die volk van God in die hede liedere van bevryding sing. Al word die HERE se oordele ’n werklikheid, word hulle getroos met die wete dat Hy in hulle midde is.

Sefanja profeteer in die tyd van die goeie koning Josia. Hy het ’n groot hervorming in Jerusalem bewerkstellig. Sy voorgangers was die slegte konings Manasse en Amon. Hulle het die volk in afgodery saamgesleep. In dié dae het Israel rede gehad om doodsbang vir die Here te wees. Sefanja begin met harde woorde: *“Ek gaan beslis alles van die aardebodem af uitwis”* (Sef. 1:2) Die boek sit vol oordeel (Sef. 1:1 – 3:8). Eers in die laaste verse verander dit. Skielik aan die einde is daar ’n wending. Daar is hoop, daar is uitkoms, daar is ruimte vir die kinders van die Here om in die moeilikste omstandighede te sing.

Die rede? Die Here jou God is in jou midde, ’n held wat verlos. In liefde lei die Here sy kinders deur die swaarste tye van beproewing. In Sefanja maak die Here duidelik dat Hy gaan skoonmaak, maar Hy gaan dit doen omdat daar iets nuuts moet kom. Daarom word daar gesing, want hier word geprofeteer van die Messias wat kom. In Matteus 4:16 gaan dit in vervulling: *“Die volk wat in duisternis woon, het ’n groot lig gesien; vir hulle wat in die gebied en die skadu van die dood leef, het ’n lig opgegaan.”* Deur Jesus Christus bring die Here die redding wat nodig is. Bevryding van die sonde, dit wat die volk keer op keer die afgrond in sleep. In Hom is daar bevryding. Om dié rede kan ons vandag saam met ons medegelowiges uit die tyd van Sefanja jubel en sing!

Sing: Psalm 103-1:9

Ds. GP (Gerben) Meijer (Waterkloofrand)